
# WEES STERK MY HART

DEUR BRAAM LE ROUX




TEMMERS VAN DIE WOESTYN · Nº 20

# INHOUDSOPGAAF


*Hoofstuk*

I Klam Skaduwees ... ... ... ... 7

II 'n Geheim Ontdek ... ... ... ... 24

III Weerlig in die Ooste ... ... ... ... 42

IV Lig by die Hol krans ... ... ... ... 60

V Folterpyne ... ... ... ... ... 76

VI 'n Nuwe Môre ... ... ... ... ... 93

## HOOFSTUK I

# KLAM SKADUWEES

IN die grys lig van die skemerte kan sy die klonkies daar by die strooise sien rondbaljaar. Af en toe klink hulle opgewonde skreestemme luid op in die stilte wat gewoonlik saam met die skemering intree. Van die verre berge af kom daar ook geluide oor die diep vallei tot haar aangesweef. Wanneer die son haas onder is, dan klink die geluide skerper op.

Oor nog 'n halfuur sal dit donker wees en dan sal sy nie meer die oorkantste berge sien nie en sal sy ook nie sien as Natie Visser aankom nie. In die afgelope weke staan sy dikwels hier voor die kamervenster bekommerd en uittuur oor die heuwels en die vallei en dan soek haar oë met toenemende onrus in haar hart na 'n stippeltjie wat op die heuwel sal verskyn en wat stadig nader sal kom, totdat sy die ruiter en die perd in die skemerte sal herken, totdat sy Natie Visser se breedgeskouerde gestalte op die vosperd sal kan uitmaak, Natie op pad terug van sy gereelde brassery in die dorp Olifantshoek, vyftien myl van hier af.

Die ou man hoes weer in die kamer, 'n rou, droë en aanhoudende hoesie. Alba luister daarna en 'n innige medelye kom in haar op. Sy weet dat oom Rooibos Visagie nou ook daar in sy kamer voor die venster oor die heuwels uitstaar; sy weet dat hy, net soos sy, met toenemende onrus die dowwe pad dophou waar die perd en ruiter moet verskyn. Oom Rooibos het sy vertroue in Natie Visser gevestig, maar in die afgelope maand is haar jong broertjie van skaars twintig nie meer oom Rooibos se regterhand nie. Hy boer op die dorp in die kroeg, in die ou Duitser se hotel en by Irma Werner, die mooi blondine wat die drinkers van die buurt met haar sang en haar liggaam vermaak.

Oom Rooibos Visagie se hoesbui vul weer die huis en hy roep sag maar benoud na Alba.

Alba kyk nog een keer na die medaljon in haar hand. Sy streel met haar vingers oor die glas en die silwer en

plaas dit op haar spieëltafel neer; dan haas sy haar by die kamerdeur uit en stap flink in die lang gang af na oom Rooibos se kamer.

Dit is al donker in die huis en sy hoor hoe die ou bediende besig is om die lampe en kerse aan te steek.

Oom Rooibos Visagie sit in sy groot leunstoel voor die oop venster en staar oor die leegtes en die heuwels heen na die spits van die verre Magamohaan. Hy draai om en kyk na Alba toe sy die kamer betree, en sy kry hom jammer soos hy daar sit, ineengedoke, met die bekommerde trek op sy gesig en sy klein ogies waarin daar deesdae altyd voggies ronddryf.

„Het Oom geroep?" vra Alba besorg.

„Ek het, ou kind. Dit word donker, maar eers wil ek met jou praat."

Hy kyk weer deur die venster na die toenemende donkerte, na die klonkies wat onbesorg skree en luidkeels skater.

Alba kom by hom staan, haar hande onder haar voorskoot ingevou.

„Waar bly Natie, Alba? Wat makeer die seun? Dit word tog sy plaas hierdie as ek sterf, syne en joue, en nou maak hy so. Sal hy vanaand terugkom?"

Alba weet dat sy daardie vrae nie een kan beantwoord nie. Sy soek self gretiglik na die antwoorde op al daardie tergende vrae. Sy weet nie wat Natie besiel nie. Sy weet nie wat die oorsaak van sy skielike verandering is nie. Miskien is dit tog daardie haatlike blondine, die mooiste meisie in die hele Noordweste, soos die mans na haar verwys. Sy moet die terneergedrukte oom Rooibos egter bemoedig. Sy streel oor sy vereelte hand en dan sê sy:

„Hy sal kom, oom Rooibos. Ek sal met hom praat."

„Ek sien hom nog nie, Alba. Waarom . . . waarom moet hy die plaas so verwaarloos? Ou Karools was netnou hier. Hy vertel dat die hele trop poenas wat in die vallei geloop het, nêrens te sien is nie. Ek is oortuig daarvan dat dit weer die smokkelaars is. Hier lê die plaas onbeskerm, terwyl Natie elke dag daar in die hotel dronk lê. Wat moet ek doen, Alba?"

Alba sug.



„Ek sal met hom praat, Oom. Ek dink hy is onder die invloed van die verkeerde mense, ou Hans Werner en sy seun, Siegfried. . ."

„En daardie witkop-dogter van Werner. Ek dink sy is die vlieg in die aptekersalf. Ag, Alba, ek glo dat Natie weer sal regkom, dat hy weer die ou Natie sal word. Ons moet weer met hom praat, Alba."

Dit is al wat sy sal kan doen, maar hoeveel keer het sy nie al met Natie gepraat nie, maar hy luister nie eintlik nie. Nee, hy luister glad nie. Hy lag haar net uit.

„Al wat jy nodig het, Alba, is 'n bietjie plesier. Hier sit jy op De Poort jou dae en slyt. Ek geniet die lewe. . . Ek gaan nie dat hierdie plaas my hele vryheid opeis nie. Ek wil elke dag geniet . . . en buitendien, ek stel nie veel belang in boerdery nie. Hoekom kom jy nie een aand saam met my na die Dorsland toe nie? Daar is soms sulke wakker kêrels. Jy is klaar 'n non, Alba, en jy is nog maar twee-en-twintig. Irma het my gevra om weer oor te kom. . ."

Al Alba se waarskuwings lag hy weg, neem hy lughartig op, en al sy gesprekke en sy gedagtes is deurspek met die naam Irma. Sy beheer sy gedagtegang, dit weet Alba. Wat sal dit help om weer te praat?

Sy streel die rooi bos hare van die ou man en laat haar hand sag teen sy koue wang lê.

„Ons sal weer probeer, Oom. Natie moet rede verstaan."

Daar volg 'n doodse stilte. Net baie vaagweg dring die geluide van die skemerte tot hulle deur.

„Ek sal vir ons gaan kos maak, oom Egbert. Is daar iets waarvoor Oom spesiaal lus het?"

Oom Rooibos probeer glimlag en hy kyk met sagte oë op na haar.

„Ek het nie lus gehad vir kos nie, Alba, maar as jy dit wil gaan maak, sal ek eet. Hoe lyk dit vanaand met pannekoek?"

„Dit is net die ding," antwoord Alba opgewek. „Moet Oom nou nie meer bekommerd voel oor Natie nie. Dit is 'n jeugdige nuk van hom. Een van die dae het hy genoeg van die Dorsland en daardie vriende."

„Jy gee my hoop as jy so praat, Alba. Dit is nie dat ek onnodig kla nie of net maar wil pruttel omdat ek siek is nie. Nee, ek het groot planne vir De Poort. Jy weet dat jy

en Natie soos my eie kinders is. Jou moeder, my eie dierbare suster, was die appel van my oog en ek het onderneem om julle by my in te neem ná jou man se dood, Alba. Julle twee het vir my niks anders as vreugde gebring nie. Maar nou is daar Natie se drinkery en die feit dat hy nooit hier is nie. Vreemde mense beroof ons van ons vee en ek is te swak om self in die veld rond te ry en ons goed te beskerm. Dit is nie net myne nie, Alba. Dit is joue en Natie s'n. De Poort sal ná my dood julle plaas wees, en ek glo nie dat ek baie lank meer die lewe sal behou nie."

Alba streel weer haar oom se rooi bos baard.

„Oom, moenie sulke dinge praat nie. De Poort sal sonder Oom nie veel van 'n plaas wees nie."

Hy lag swak.

„Daar is baie mense wat De Poort graag wil inpalm. Daar is reeds die eienaar van die hotel Dorsland, ou Hans Werner, en sy seun Siegfried. Hoeveel keer het hulle nie al De Poort probeer koop nie. Alba, kom eers weer hier," roep die ou, want Alba het al deur se kant toe gestaan. „Kom hier, Alba. Jy moet my weer belowe dat jy hierdie plaas sal behou, vir jou en Natie. Julle moet hier boer. Hans Werner en die mense wat soos hy alles wil inpalm, sal hierdie grond vir geen goeie doel gebruik nie. Dit moet teen elke prys nie in hulle hande val nie. Gehoor, Alba?" dring die ou man driftig aan op 'n antwoord.

„Oom, ek gee u my versekering. Hierdie plaas het ek so lief. De Poort is vir my wonderlik. Ek sal nooit toestem om dit te verkoop nie, Oom weet dit."

Daar is 'n vae beduidenis van 'n glimlag om sy mondhoeke. Hy streel oor Alba se hande.

„As jy so praat, vervul jy my met moed... Dan voel ek sommer gesond."

Sy skuif stadig weg van die ou oom en hy begin weer hewig te hoes.

Alba loop vinnig terug na haar kamer toe. Sy hoor die ou aia nog steeds in die kombuis. Sy weet nie juis waarom sy weer teruggekom het na die kamer toe nie. Sy neem nou die kam en laat dit deur haar swart hare gly. Miskien het sy na haar kamer teruggekom om te mymer en te droom. Sy tel die medaljon weer van die spieëltafel af op. Hierdie silwer hangertjie met die silwer kettinkie



laat haar altyd baie ver dink. Dit verplaas haar altyd terug in die verlede. Baie dae het sy al hier op De Poort vergeet van die bestaan van die man wat hierdie hangertjie aan haar geskenk het, maar in tye van moeilikheid haal sy die medaljon altyd te voorskyn om te droom en te dink aan Hannes Louw en aan die eienaardige omstandighede waarin sy hom ontmoet het. Toe was sy nog getroud, daardie môre toe hy op die koppie lê en slaap het en sy gedink het dat hy 'n vuil landloper is. Sy onthou nou al die dae daarna toe sy van hom begin hou het en toe hy die beskerming aan haar verleen het wat sy nooit in die drie maande van haar huwelik van haar man, Johan Weyers, ontvang het nie. Alles kom weer stadig tot haar terug. Sy onthou alles in besonderhede. Dit is of hierdie medaljon die gedagtes weer terug laat kom, oproep uit die gryse verlede.

Sy onthou nog die angs wat sy op daardie plaas moes deurstaan, en die bekommernis omdat Johan elke maand vir vyftien-twintig dae skoon weggeraak het en sy nie geweet het waar hy is nie. Sy ril as sy dink hoe sy saam met Hannes uitgevind het dat Johan 'n opperste skurk en moordenaar was. Sy maak haar oë toe as sy weer aan Johan se dood dink. Sy weet nie meer presies waar hy begrawe lê nie, maar saam met Johan is al haar hoop begrawe, al haar belangstelling wat sy in mans gehad het.

Oom Rooibos het besluit dat sy en haar twintigjarige broer, Natie, hierheen moet kom. Sy het dit verwelkom. Tot hier het Hannes Louw saam met hulle in die koets gery. Sy weet dat hy baie van haar gehou het, maar die skok en die verdriet wat sy moes verduur, was te hewig. Sy het hom nie met dieselfde toewyding bejeën as hy vir haar nie. Maar nou hier, hier in die donker kamer met die skemering daarbuite, sien sy hom soos sy hom daardie laaste dag gesien het, byna 'n jaar gelede. Nee, dit is langer. Maar sy weet nog presies hoe hy gelyk het. Slank en lenig gebou, sy swart hare en sy besonder helder blou oë. Sy kan self die klank van sy stem in herinnering roep.

„Moet nie nou meer dink aan die dinge wat agter lê nie. Kyk net vooruit, Alba," het hy daardie aand gesê toe hy vertrek het. „Ek is 'n swerwer, Alba. Ek hou daarvan om te swerf. Oor etlike dae sal ek De Bron en Johan Weyers

se dade vergeet het, maar vir jou sal ek nooit vergeet nie. Ek gee jou hierdie medaljon om jou altyd daaraan te herinner dat ek baie, baie van jou hou, Alba. As jy my nodig het, laat my weet."

Sy sug daar waar sy voor die spieël in die donkerte staan. Sy kan haar beeld vaag in die spieël sien. Sy laat haar hand oor haar hare gly. Dit is asof sy hom in die laaste tyd baie, baie nodig het. Hier gaan iets op hierdie plaas aan, beesdiefstalle waaraan sy niks kan doen nie. En dan Natie se gedrag. Sy byt op haar onderlip. Ja, sy verlang om die groot, sterk Hannes weer te sien, alles aan hom te vertel. Sy het reeds die verlede vergeet. Sy weet nie eens meer presies hoe haar man, Johan Weyers, gelyk het nie. Hy het slegs drie maande vir haar bestaan en in daardie drie maande van hulle huwelik, het sy hom ongeveer 'n maand by die huis gehad. Nee, dit is vir haar soms asof sy nooit getroud was nie. Asof Johan Weyers aan iets behoort wat ver, ver in haar kinderjare lê; asof hy deel is van 'n onsamehangende vreesdroom. Die van Weyers het vir haar geen betekenis nie. Dit voel nie vir haar of dit ooit aan haar behoort het nie, deel van haar lewe was nie. Al die jongmense in die buurt ken haar as Alba Visser.

Die medaljon lê koud in haar handpalm en sy druk dit saggies teen haar wang.

Sy wonder ineens waar Hannes hom op hierdie moment bevind. Sy wonder of hy nog polisie-agent is. Sy het van tyd tot tyd dingetjies van hom verneem, maar nooit het sy 'n sterk behoefte gehad om hom weer te sien en met hom te praat nie. Maar nou! Soms lyk dit vir haar asof hy die enigste een is wat haar uit hierdie somber toestand kan help. Hy en Natie was groot maats. Natie het hom selfs gesoebat om hom saam te neem na Kuruman.

Later het Alba ook van iemand verneem dat Hannes Louw nie meer polisie-agent is nie, maar dat hy na Kimberley toe vertrek het, waar 'n diamantkoper hom in diens geneem het as sy persoonlike lyfwag. Toe het sy weer verneem dat Hannes homself uithuur aan boere, koetseienaars en transportryers om hulle by te staan teen stropers en struikrowers.

Dit word by haar ineens 'n intense begeerte om hom te spreek, om hom te gaan soek. Sy dink nie daaraan dat hy haar dalk al vergeet het nie. Hannes Louw is net die regte man om met Natie te praat, om haar op te beur en uit te vind presies wie agter hierdie beesdiefstalle sit.



Sy plaas die medaljon nie weer in die laai terug waar sy dit al hierdie maande gebêre het nie, maar hang dit om haar nek. Sy stap dan haastig na die kombuis toe om met die pannekoekbakkery te begin. In die flikkering van kerslig sien sy die ou meid met die koffieketel werskaf. Sy is opgeruimd as sy die aia beveel:

„Ousie, gaan sit die lamp in die oubaas se kamer neer en dan kom help jy my. Ons gaan pannekoek bak, genoeg vir jou en jou klonkies ook."

„Dis goed, my nonnie. My nonnie, ek hoor die perd."

Alba gaan stil voor die stoof staan en sy luister. Ná 'n paar oomblikke is sy seker dat sy die reëlmatige geklap van hoewe hoor. Die hoefslae word duideliker. Haar hart begin vinniger klop. Dit is seker eindelik Natie. Haastig stap sy na die venster en lig die gordyn. Sy kan buite niks sien nie. Dit is donker en die maan het nog nie opgekom nie. Sy hoor egter duidelik dat die hoefslae in die pad na die huis toe opklink. Sy hoor hoe aia Soekie met oom Rooibos praat.

Die hoefslae kom nou vinniger nader en dan hou dit skielik op, en Alba weet dat die perd nou oor die sanderige strook stap, net voordat mens die hek na die huis bereik. Sy hardloop vinnig na die agterdeur toe en gooi dit wawyd oop. Nou kan sy die dowwe beeld van ruiter en perd daar by die groot hek sien. Sy sien ook hoe dat die ruiter van die perd afklim, die hek oopgooi en weer in die saal spring.

Aan die manier waarop die persoon op die perd sit, weet sy egter dadelik dat dit nie Natie is nie. Natie sit nie so skeef-skeef op 'n perd nie. Hy sit regop en fier, maar miskien is dit omdat . . . omdat hy al weer te veel sterk drank genuttig het. Alba se hart sak in haar skoene.

Die perd kom op 'n drafstap nader en voordat die dier voor die agterdeur ingehou word, is sy heeltemal seker dat dit nie Natie is nie. In die halfdonker sien sy dat dit 'n skimmelperd is. Die man klim reg voor die agterdeur af en terwyl hy dit doen, groet hy:

„Naand, dame."

Ingedagte groet Alba hom en sy hou hom fyn dop terwyl hy nader kom, en toe hy twee tree van die stoeptrap af is, sien sy wie dit is.

Hans Werner steek sy hand uit om haar te groet.

„Ek is Werner. Hans Werner. Ons het mekaar al ontmoet."

Alba se hand bewe effens toe sy hom groet. Onaangename en duistere gedagtes flits deur haar brein. Onmiddellik dink sy dat hy 'n slegte tyding bring oor Natie. Sy ken Hans Werner net as die baas van die Dorsland, die hotel op Olifantshoek, en as die vader van die blondekopsangeres, Irma Werner.

„Goeienaand. Ja, ons het mekaar al ontmoet. Kom gerus binne," nooi sy, maar haar eie stem klink vir haar onnatuurlik. Wat bring Hans Werner hier na die plaas toe en dit op so 'n onmoontlike tyd van die aand? En hy het vyftien myl van Olifantshoek af gery om hier te wees. Sy kry die voorgevoel dat sy besigheid van 'n dringende aard is. Hy sal nie sommer net hier aanry nie. Sy weet dat Hans Werner al by verskeie geleenthede deur middel van ander mense De Poort probeer koop het. Hy het egter nog nooit direk probeer onderhandel nie. Sy hoor oom Rooibos in die kamer hoes.

„Dankie. Is . . . is om Rooibos hier?" vra hy toe hy die kombuis betree en die deur agter hom toemaak. „Ek wil hom graag spreek."

Alba beskou die hoteleienaar noukeurig. Aan die kante is sy hare grys en 'n rooi gesig getuig van 'n te oordadige voorliefde vir die sterk vog. Die growwe plooie op sy voorhoof en langs sy oë vertel Alba ook dat hy reeds sestig se kant toe staan.

„Hy is hier, ja, maar hy voel nie goed nie. Oom Rooibos was juis van plan om vroeg bed toe te gaan."

Met helder blou oë kyk hy haar skerp aan.

„Ek is seker daarvan dat hy my graag sal wil sien, Juffrou. Dit hoef nie lank te wees nie," kom dit vinnig, en Alba verbeel haar dat sy 'n tikkie bitsigheid in sy stem ontwaar.

Sy aarsel 'n oomblik.



„Kom maar gerus deur, mnr. Werner. Oom Rooibos is in die kamer. Maar ek hoop nie dit is ontstellende nuus nie. Oom Rooibos se bors dreun hom deesdae baie op."

„Ek vrees dit is dalk ontstellende nuus, juffrou Visser."

Sy steek in die gangdeur vas en draai om na hom toe.

„Ontstellend . . . Het dit . . . het dit iets te doen met Natie, my broer?"

Daar is 'n smalende uitdrukking in Werner se oë.

„Dit gaan presies oor hom, juffrou Visser."

Sy peuter met die medaljon op haar bors.

„Is hy . . . ek bedoel, het hy iets oorgekom?"

Werner lag.

„Moet jou nie daaroor ontstel nie. Hy is springlewendig. Maar as jy nie omgee nie. . . Ek wil oom Rooibos persoonlik sien, onder vier oë."

Sy kyk vas in die lewendige blou ogies van die Duitser en dan weet sy dadelik dat daar iets eienaardigs aan die broei is, iets wat gevaar vir hulle almal inhou. Sy stap verder, met Werner kort op haar hakke.

Oom Rooibos het reeds opgestaan van sy stoel af en hy kom hulle in die gang tegemoet. Alba loop byna teen die ou man vas, maar dan sê sy simpatiek :

„Oom, gaan maar terug kamer toe. Mnr. Werner wil u dringend oor 'n aangeleentheid spreek."

Hans Werner groet die ou man in die deur, en Alba sien dat oom Rooibos se wenkbroue opgetrek is. Die eienaar van De Poort vind dit ook baie ongerymd om hierdie gas dié tyd van die aand by hom aan huis te hê.

Alba druk oom Rooibos weer op sy stoel terug en wys vir Hans Werner om op die bed te gaan sit.

„Julle moet maar hier sit, mnr. Werner. Die sitkamer is nou te koud. Ek wil nie graag hê dat oom Rooibos hier moet uitkom nie." En dan kyk sy na oom Rooibos en sy knik so dat Werner dit nie kan sien nie. „En as Oom my nodig het, roep maar net. Ek is byderhand."

Hierdie woorde klink vir Hans Werner soos 'n bedekte waarskuwing aan hom.

Sy maak die deur agter haar toe en dan haas sy haar na die kombuis waar die aia reeds besig is om eiers, meel ensovoorts neer te sit met die oog op die pannekoekbakkery. Alba voel egter nie lus vir die taak wat op haar